God en Noag
Klippie inspirasie

Kix-pirasie

Genesis 6 tot 9

So baie kere kyk ons na die Bybelverhale en dink: "Wat kan ons by die persoon in die storie leer?" Ons kan byvoorbeeld na Noag se verhaal kyk en aangespreek word deur Noag se gehoorsaamheid.

Maar kom ons kyk vandag anders na Noag se verhaal. Ons gaan eerder vra: "Wat leer ons van God in die verhaal? Wat staan vir jou uit van God se karakter in Noag se verhaal?"

Neem 'n oomblik om daaroor te dink. Kyk weer na die verhaal in die Bybel en dink rustig daaroor na.

Kies nou een woord wat God se optrede of karakter in die verhaal van Noag vir jou beskryf. Gebruik die gekleurde klippies en bou die woord wat jy gekies het. *(Noag het ook met klippe 'n altaar gebou waar hy God aanbid het. Hierdie kan ook vir jou 'n aanbiddings-oomblik wees.)*

Vertel dan vir mekaar wat jou woord is en hoekom jy daardie woord gekies het.

Hoe spreek hierdie eienskap van God jou in jou lewe aan vandag?